OVERBERG TEHUIS

'N DIENS VAN BADISA
A SERVICE OF BADISA

Overberg Tehuis vir Ouer Persone
Overberg Tehuis for Elderly People
De La Vignestraat 40, Riviersonderend 7250, Wes-Kaap, Suid-Afrika
40 De La Vigne Street, Riviersonderend 7250, Western Cape, South Africa
T +27 28 261 1230 / -1231 T +27 71 281 8606
E info@overbergtehuis.co.za
www.overbergtehuis.co.za

**VIR WIE DIT MAG AANGAAN**

**GHOLFDAG TEN BATE VAN OVERBERG TEHUIS**

Ons jaarlikse Gholfdag is 'n hoogtepunt op ons kalender en maak elke jaar 'n tasbare verskil in die lewens van die Inwoners en Personeel van Overberg Tehuis. Met groot opgewondenheid nooi ons u om deel te wees van hierdie besondere dag wat plaasvind op **5 Desember 2026**.

Ons hoop om vanjaar nóg groter sukses te behaal en saam met ons spelers, borge en ondersteuners 'n onvergeetlike dag te beleef.

Die dag word aangebied as 'n 4 Bal Alliansie (twee tellings wat tel) by die Riviersonderend Gholfklub.

Inskrywings sluit die volgende in: Heerlike ontbyt, Middagete, 'n Gewilde "natgat", Prysuitdeling met aandete en Veiling met interessante items

Ons mik om ongeveer 22 spanne (ongeveer 100 spelers) te verwelkom. Die inskrywingsfooi is **R 4,000 per 4-bal span**.

Hoe kan u betrokke raak? Ons doen 'n vriendelike beroep op u ondersteuning deur middel van:

- Spanborgskappe
- Pryse vir spelers (vier van elk)
- Items vir die veiling
- Individuele penprys borgskappe
- Bydraes vir die ete tydens die prysuitdeling
- Verwelkomingspakkies vir spelers (bv. water, lekkers, penne, notaboekies, promosie materiaal, ens.)

Daar is ook drie putjies beskikbaar vir bemarkingsstalletjies, waarvan een die gewilde "Nat Gat" is – 'n uitstekende geleentheid om u besigheid blootstelling te gee.

Kontant donasies
Kontant skenkings kan gemaak word aan: Overberg Tehuis, ABSA Bank – Tjekrekening, Takkode: 632 005, Rek nr: 404 968 3510

Ons kan vir u of u besigheid 'n Artikel 18A-kwitansie uitreik vir belastingdoeleindes ten opsigte van kontant skenkings.

Elke vorm van ondersteuning, groot of klein, maak 'n werklike verskil en word met opregte dankbaarheid ontvang.

Kontak vir reëlings André / Kinnie by 📞 028 261 1230 of 📱 071 281 8606 (WhatsApp)

By voorbaat baie dankie vir u goedhartige ondersteuning.

Tehuisgroete

ANDRÉ POTGIETER
BESTUURDER
(Namens die Beheerraad)